

“Op die limiete”: Karel Schoeman se *Verkenning* (1996)

Waarheen nou? Gaan terug, begin weer, probeer opnuut.
Stoot die deur oop, beur die deur oop, beur teen die donker ...
Verkenning (1996:43)

Helize van Vuuren
Departement Afrikaans en Nederlands
Universiteit van Port Elizabeth
PORT ELIZABETH

Abstract

“At the limits”: Karel Schoeman’s *Verkenning* (1996)

Written from the postcolonial vantage point of the new South Africa, Karel Schoeman’s Verkenning (Reconnaissance) deals with the colonial era of the early nineteenth century. Through metafictional commentary the reader is alerted to the provisionality and tentativeness of historical fiction, as fiction and historical facts are constantly juxtaposed. At the same time the novel can be read as an attempt to fathom the ‘darkness’ of the bygone era, and to throw ‘light’ on the nature of intercultural relationships during the period of the Batavian Republic (1803-1806). Of central importance, however, is the way in which the consciousness of a new era is suggested through the subtle functioning of numerous intertexts. These intertexts deal with various forms of transitional consciousness, such as those associated with the French Revolution. A remarkable characteristic of the novel is its historiographic metafictionality, an innovative element in Schoeman’s oeuvre. Verkenning (Reconnaissance) is a polyphonic novel in which a collage of voices is foregrounded and presented in the process of ‘exploring’. From within the politically transformed multicultural South Africa of the late twentieth century, the creative imagination explores the roots of this society in the history of almost two centuries ago. In this respect Verkenning may be characterised as a postcolonial narrative construct and thus part of “oorgangsliteratuur” or “Wendeliteratur”, a term coined for the literature produced after the political change in 1989/1990 in Germany.

1. Die begrip oorgangsliteratuur (*Wendeliteratur*)

Oorgangsliteratuur verwys na letterkunde wat geproduseer is nadat daar groot sosio-politieke verandering in ’n land plaasgevind het. Die term *Wendeliteratur*, waarvan *oorgangsliteratuur* ’n benaderde vertaling is, is gemunt met verwysing

na die hereniging van die twee Duitslande in 1990. Hierdie vereniging word simbolies gesinjaleer deur die afbreek van die skeidingsmuur tussen Oos- en Wes-Berlyn in 1989. Voor die tyd was daar twee aparte lande met twee aparte literature; daarna 'n radikale omwenteling na een verenigde Duitsland en by implikasie die veronderstelling van in die toekoms een Duitse literatuur.

Hoe daar na die verlede gekyk word en hoe dit verwerk word, speel ook mee in die tersaaklike begrip van *die Vergangenheitsbewältigung*¹ of verwerking van die verlede (*getting to grips with the past*). *Die Vergangenheitsbewältigung* was 'n kulturele verskynsel in Duitsland ongeveer vyftien jaar na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog, waarvolgens weer indringend na die verlede gekyk is in 'n poging om die eie identiteit en aard te bepaal. Dit lyk asof iets van dieselfde tipe herondersoek en verwerking van die verlede ook hier te lande in die postkoloniale kulturele lewe waarneembaar is.

In die Afrikaanse prosa van die afgelope dekade of wat is daar ook so 'n fenomeen merkbaar – 'n poging om opnuut die geskiedenis te ondersoek, dit te verwerk vanuit 'n veranderde politieke bestel en 'n veranderde sosio-maatskaplike samestelling van die land. Voorbeelde van hierdie instelling is onder andere Elsa Joubert se *Missionaris* (1988), *Koms van die hyreën* (1994) van Dolf van Niekerk, *Die uur van die engel* (1995) van Schoeman en *Verkenning* (1996).

Hierdie geïmpliseerde bewussyn of ideologies-implisiete posisie beïnvloed die manier waarop oor die verlede geskryf word, en waarop die verlede ontgin word as kreatiewe materiaal. Dit stel die historiese materiaal in 'n ander lig, byvoorbeeld ten opsigte van minderheids- en meerderheidsgroepe, hul kultuur, hul taal, hul godsdiens. Dit beïnvloed die interpretasie van die geskiedenis radikaal, en impliseer 'n *herlesing of herskrywing van die geskiedenis*.

Verkenning kan gekarakteriseer word as 'n postkoloniale narratiewe konstruksie as deel van "oorgangsliteratuur". Die roman beskryf 'n kreatiewe poging tot begrip van "the processes of subjectification made possible (...) through the stereotypical discourse" van die koloniale era (Bhabha, 1990:91). Die verteller se herhaalde opdrag om te "luister na die stemme" van die verlede, dui op volgehoue pogings om die kompleksiteit van koloniale diskoers wat aan interkulturele stereotipering ten grondslag lê, te agterhaal.

1 My hartlike dank aan dr. Arnold Blumer van die Departement Duits, Universiteit Stellenbosch, vir informasie wat hy in hierdie verband verskaf het.

In die historiese roman, of meer spesifiek in hierdie geval die historiografiese metafiksie, is die kreatiewe herlees/herskryf van die geskiedenis ook *betekenis-draend as profesie/interpretasie van die toekoms*. (Kwessies wat ter sprake kom in *Verkenning* is die toekoms van Afrikaans en die Afrikaner, die debat oor die bykans uitgedelgde Boesmans en die gebruik van geweld teenoor swakker groepe, die uitwissing van hul taal, van die Khoi-kultuur, en die verwickeldheid van intergroepeverhoudinge.)

2. Historiografiese metafiksie

Voorafgegaan deur twee formidabele romans, albei met historiese boustof, *Hierdie lewe* (1993) en *Uur van die engel* (1995), sou 'n mens verwag dat *Verkenning* altemit *Stemme 1* sou wees, aangesien hierdie twee werke aangekondig is as onderskeidelik *Stemme 2* en *Stemme 3* “in ’n beplande groep van drie romans onder die algemene naam *Stemme*” (sien die stofomslag van *Hierdie lewe* – 1993). Hoewel dit nie die geval is nie, sou *Stemme 1* nie ’n onvanpaste alternatiewe titel vir dié sterk histories-gerigte roman wees nie.

In hierdie veelstemmige roman is daar *historiese figure* (dié van goewerneur Janssens, dr. Lichtenstein, dr. Van der Kemp, Machtelt Smit, sendingwerkers Harmen Voster, en Botma, ens.), en *fiksionele karakters* (die jong reisiger, die weduwee Muys, Johannes, Cornelia, die Langenbrinks en Paap), maar veral belangrik is die *onbekende verteenwoordigers van die inheemse bevolking* (slawe, Boesmans, knegte, Khoi) wie se stemme met dié van die twee ander groepe afgewissel word. *Verkenning* bied ’n *collage* van taalfragmente, sosiolekte, idiolekte en taalregisters – van formeel en plegstatig (goewerneur Janssens) tot informeel en konkreet (soos in ’n kneg se bewussynstroom – Schoeman, 1996:258-260). Veral in die landskapbeskrywings kry die leser poëtiese taalgebruik, afgewissel met gekursiveerde intertekstuele fragmente uit verskillende tale (Frans, Nederlands, Duits, Latyn), indirekte interne monoloog van die reisiger, getipeer deur Nederlandismes (“wambuis”, “ouel”, p. 310)² en historiese woordgebruik (“passementwerk”, p. 58). Dié ryk verskeidenheid van taalgebruiksvorme en -soorte dui op die vernuf waarmee daarin geslaag is om die konflikterende stemme uit die vroeg neëntiende-eeuse samelewing in die roman te reflekteer. Dit getuig van Schoeman se meesterlike beheer oor sy taalmedium. Net in linguïstiese opsig al is *Verkenning* ’n besonder boeiende roman.

’n Spektrum van verskillende houdings word gesuggereer teenoor die land. Daar is die *eksotiese* siening van suider-Afrika, soos verteenwoordig in vroeë reis-

2 Bladsyverwysings sonder ’n aanduiding van die bron verwys na Schoeman, Karel. 1996. *Verkenning*. Kaapstad : Human & Rousseau.

joernale deur buitelanders – soos Barrow wat op soek was na die eenhoring. Hiermee saam gaan die opvatting van 'n reis in Afrika as 'n *gevaarlike, maar romantiese avontuur* (die argetipiese Conradianse reis na die "heart of darkness"), soos teenoor die reisiger geformuleer deur Lichtenstein en Machtelt Smit. Na verwant aan die eerste twee persepsies is die idee van (suider-) Afrika as verteenwoordigend van *barbarisme teenoor die beskawing van Europa*. Dié idee word in die roman veral gedra deur die reisiger se obsessie met boeke en boekerye, of die opvallende afwesigheid van boeke. In die geval van sendelinge soos Van der Kemp en vromes soos Machtelt Smit, word die binneland van Afrika óf gesien as 'n *heidense woesteny* om te bearbei, óf, by wyse van allegorie, as 'n *Bybelse woestyn* om in te mediteer (soos Johannes die Doper). Machtelt Smit sien die reisiger se fisiese reis deur die land ook as 'n geestelike reis, met die *geografiese landskap verteenwoordigend van die struikelblokke wat die Christen op sy pad teëkom* (hierin spreek John Bunyan se *Pilgrim's Progress*, 1678, mee as interteks). Vir die trekboere verteenwoordig die ongetemde binnelands nuwe lewensmoontlikhede, iets wat later in die mite van die *beloofde land* gegiet sou word. In *Verkenning* kry 'n verknegte Boesmanvrou egter die laaste spreekbeurt. Vir haar is die binneland 'n *vertroude tuiste*: "die uintjies en plakkies, die grassoorte, die bossies, die diere en voëls en hul geroep, die vere en penne, die kloutjies en horings en velle, die wind en die sterre en die wolke gestreep met reën" (p. 394).

Ingedebde metatekstuele kommentaar in die roman beklemtoon die belang daarvan om te luister na die stemme: "Jy moet jou natuurlike voortvarendheid in toom probeer hou en leer om te luister. Jy moet ag slaan op die stemme en wat hulle jou vertel. *Die stemme is altyd betroubaar. Luister*" (p. 49 – my kursivering).

Soos telkens op ander vlakke van *Verkenning* sou hierdie opdrag egter ook op die leser van toepassing gemaak kon word, 'n tipiese metafiksionele greep wat die leser dwing om nie net gemaksgtig te lees, te absorbeer nie, maar ook 'mee te werk' aan die fiktiewe handelingsproses van die roman.

Ander voorbeelde van hierdie tipe metatekstuele kommentaar op die skryfaksie kom algemeen voor. Jooste (1995:142) poneer onlangs nog dat die anonieme verteller die mees tipiese verteller in Schoeman se romans is, en dat dié tipe verteller "nie oor personasies se koppe met die leser kommunikeer nie". *Verkenning* bring egter met die sterk metatekstuele inslag daarvan narratiewe vernuwing in die Schoeman-oeuvre. Die frase "stoot die deur oop, beur teen die donker in (...) begin opnuut" word telkens byna dwangmatig herhaal in die eerste helfte van die roman (p. 10, 11, 42, 43, 82, 110, 171) as selfopdrag van die ouktoriële vertelinstansie. Hiermee word gesuggereer dat die ouktoriële vertelinstansie se inlewingsvermoë, sy vermoë tot herskepping van die alledaagse lewe

tydens die Bataafse Republiek aan die Kaap (1803-1806), dreig om hom in die steek te laat.

Om 'die deur oop te stoot' of 'teen die donker in te beur' word gebruik as 'n metafoor vir 'n kreatiewe verkenning van die verlede, van die geskiedenis. Dit dui op die moeilikheidsgraad van die uitdaging vir die skeppende verbeelding om so 'n lank vergange gemeenskap se doen en late, en spesifiek die teneur van die 'stemme' uit alle klasse en rasse te probeer reconstrueer. Vanuit die politieke ommeswaai wat plaasgevind het in 'n multikulturele Suid-Afrika van die laat twintigste eeu, getipeer deur gewelddadigheid, veeltaligheid en -rassigheid, en 'n polarisering van die waardes van Afrika teenoor dié van Europa, gryp die kreatiewe verbeelding in 'n verkenningsdaad terug na die wortels van die maatskappy byna twee eeue gelede. Een konnotasie vervat in die titel kom so na vore.

'n Verdere konnotasie van die titel is meer voor die hand liggend. Die roman handel oor 'n vreemdeling aan die Kaap, 'n jong Nederlandse pastorieseun, wat deur goewerneur Janssens 'n geheime opdrag gegee word tot eksplorاسie van die land:

'Wat ek benodig, wat ek op die oomblik dringend benodig, is 'n *onafhanklike en onpartydige waarnemer in wie ek vertrou kan stel* en wat my noukeuriger oor die situasie (aan die grense van die nedersetting: HvV) sal kan inlig (...) met ander woorde 'n *buitestaander* aan wie ek die nodige opdrag sou kan gee en wat bereid sou wees om dit uit te voer' (p. 32).

Verkenning sinspeel op 'n letterlike ontdekkingsreis (ook 'n "avontuur" of "plesiertog" genoem, p. 216) sowel as 'n abstrakte en kreatiewe 'deurreis' van die vroeg neëntiende-eeuse geskiedenis en maatskappy. 'n Sentrale tegniek in die roman word nou duidelik: die meerduidigheid of meervlakkigheid van verskillende aspekte van die roman. Naas die titel is die pertinentse voorbeeld hiervan die aard van die hoofkarakter: hy is nie net vreemdeling uit Nederland en reisiger-met-'n-opdrag deur ongebaande, onbekende geografiese streke van 'n vreemde land nie; hy word binne die piëtistiese verwysingsveld in die roman ook gesien as 'n soort 'pelgrim op reis na die ewigheid'. In fyn parallelle word raadgewers en rigtingaanduiders by die fisiese sowel as die geestelike reis aangedui. Eers is daar Lichtenstein, dan die jong godsdienstige boerseun Johannes, daarna Machtelt Smit, en uiteindelik die enigmatiese swerwer Paap of De Paap.

Dr. Hinrich Lichtenstein, ervare reisiger en reisjoernalhouer (in 1804 geneesheer van die goewerneur), gee 'n oorsig oor die fisies-geografiese reis wat voorlê:

‘Die eerste skof gaan onvermydelik oor die Kaapse Duine,’ sê hy, ‘en dis meestal ’n moeisame tog as gevolg van die los sand waar mens moet deurkom. Langs Tygerberg en Bottelaryberg na Stellenbosch, en van daar oor Klampmuts en Drakenstein na die Bergrivier (...) Dan gaan mens verder deur die Swartland (...) By Roodezandspas begewe die reisiger hom vir die eerste keer tussen die berge, en dit is ’n moeilike trajek (...) Roodezand self (...) nouliks ’n dorp (...) maar *die pastorie bied waarskynlik die laaste kontak met ’n Europese leefwyse soos ons dit verstaan*. Die Land van Waveren, soos dié vallei genoem word (...) nog betreklik dig bewoon deur boere, maar namate die roete dieper tussen die berge ingaan in die Bosjesveld raak die bevolking minder en die plase verder uitmekaar (...).

‘Ek praat van ’n pad (...) dit is ’n kwessie van spore wat deur waens en perde uitgetrap is (...) Jy styg in die berge op na die plato’s van die binneland, en *wanneer die Hexriviervallei eenmaal gepasseer is, neem jy afstand van alles wat ons met die begrip beskawing verstaan, asof jy die laaste huis in die wêreld agtergelaat het* (...) Roggeveld en Nuweveld, jy reis langs die noordgrens van die volksplanting. Die inwoners is boere wat hier in die afsondering lewe met hul Hottentotknegte en enkele slawe, nagenoeg *ongeletterde mense* (...). Mens kom wildroppe op die pad teë, en in die nag hoor jy soms die gebrul van leeus; daar is gedurig die gevaar van ’n aanval deur Bossiesmans (103-104; my kursivering).

Wat opval in Lichtenstein se beskrywing van die land en sy inwoners, is die kontrastering tussen beskawing (volgens Europese standaarde) en die wilde binneland met sy “ongeletterde mense” (boere, slawe en Hottentotknegte). Die berese dokter gee raad oor wat die reisiger behoort saam te neem op sy avontuurtog teen die “ongerief” en “ontbering”: ’n vuurwapen, ’n oorjas, ’n skaapvelkometers of karos, en “’n boek of twee (...) Thucydides, Vergilius, Herder, Rousseau (...) *Werther*” (p. 105). (Met dié lys reisbenodigdhede suggereer die berese reisiger beurtelings die teenwoordigheid van fisiese gevaar of die kant van mens of wilde dier – *vuurwapen*, intense koue – *jas, kometers, karos*, en lang tye van verveling – *boeke*.) Lichtenstein erken egter dat dit miskien raadsaam sou wees om “onbewapen die woestyn binne te gaan, intellektueel onbewapen (...) en nie jou aandag en opmerkzaamheid deur die oorgelewerde wysheid van Europa te laat aflei nie” (p. 105).

Dié raad word later herhaal deur sy laaste begeleier, Paap, wat kategorieë beweer: “In Afrika is dit nodig om eers alles te vergeet wat mens in Europa aangeleer het (...) In Afrika moet jy alles wat jy uit Europa saamgebring het, verloor” (p. 323). Sowel Lichtenstein as Paap se persepsies, gebaseer op persoonlike ervaring van die land, is dat Afrika radikaal verskil van, en radikaal ander eise aan ’n reisiger stel as Europa.

Verkenning is 'n historiese roman wat op paradoksale wyse “geen feitlike verslag, geen herskepping – maar ewemin versinsel” (p. 170) wil wees. Die kolofon aan die einde van die teks gee erkenning aan historiese, argivale en literêre intertekste waarvan ruim gebruik gemaak is in die opbou van 'n tydgenootlike, vroeg neëntiende-eeuse raamwerk. Die fragmente van tekste waaruit aangehaal word, is tipografies aangedui deur gekursiveerde invoegings in die romanliggaam, en word so onderskei van die fiktiewe rekonstruksie in die res van die roman.

Dit is egter ook 'n werk met 'n sterk metatekstuele inslag soos die vraag “dit is eg, dit is werklik, waarheen het dit verdwyn?” (p. 84) oor die vroeg neëntiende-eeuse lewe aan die Kaap duidelik uitspel. Die ouktoriële vertelinstansie maak die leser voortdurend bewus van sy tekshandelinge, en trek aandag na die kreatiewe daad van rekonstruksie. Hy konstrueer karakters soos die vrome jong Cornelia en die jong Johannes, net om halfpad deur die teks van hul as karakters ontslae te raak met die stelling: dit gaan nie oor hulle nie, geeneen van die fiktiewe karakters is belangrik nie, dit gaan oor *die land*.

'n Soortgelyke metafiksionele spel word met historiese figure gespeel. Na afloop van 'n boeiende uitbeelding van 'n ontmoeting tussen die reisiger en die sendeling, dr. Van der Kemp, by Graaff-Reinet in 1804 (1996:334-347), word die fiksionele ‘mat’ by wyse van spreke onder die leser se voete uitgeruk met dié mededeling:

Die sendeling Van der Kemp het in Mei 1800 op Graaff-Reinet aangekom, sy intrek geneem in die pastorie (...) en sy aandag gewy aan die agthonderd Khoi-vlugtelinge wat as gevolg van die grensoorlog hul heil op die dorpie gesoek het; *op 20 Februarie 1802 het hy met ongeveer tweehonderd gemeentelede en volgelinge die nedersetting verlaat* en die tog aangepak wat sou lei tot die stigting van die sendingstasie Bethelsdorp in die nabyheid van Algoabaai, wat op 31 Mei 1803 formeel aan hulle oorgemaak is (p. 365; my kursivering).

Die ouktoriële vertelinstansie maak duidelik dat sy fiktiewe beskrywing van 'n ontmoeting op Graaff-Reinet in 1804 nooit kon plaasgevind het nie, aangesien die sendeling toe lank reeds weg was van dié dorp. Fiksie en historiese feitlikheid word hier direk teenoor mekaar gestel.

Dié soort spel met feite en datums onttrag die geloofwaardigheid van die fiktiewe verhaallyn van *Verkenning*. Volgehoue *suspension of disbelief* is hoegenaamd nie moontlik binne hierdie metafiksionele raamwerk nie. Dit impliseer dat Schoeman ernstige twyfel het oor die haalbaarheid van enige rekonstruksie van die geskiedenis. Soos wat die metafiksionele kommentare telkens die narratiewe fondamente van sy roman ondergrawe, so ondergrawe dieselfde kommentare ook

die roman as historiese rekonstruksie. Die periodieke tussentrede van die oukatoriële vertelinstansie suggereer by implikasie dat enige poging tot rekonstruksie van die geskiedenis onderhewig is aan 'n vermenging van feit en fiksie, aan 'n 'inbeur teen die donkerte', soos wat die outeur dit telkens formuleer. As hierdie afleiding korrek is, verstaan die leser iets meer van die enigmatiese uitlating:

Dit is *geen feitlike verslag, geen herskepping* van iets wat op 'n chronologies bepaalbare oomblik in 'n agterhaalbare verlede gebeur het nie. Aan die ander kant is dit *egter ewe min versinsel*, maar iets met 'n eie bestaansreg en geldigheid wat nou besig is om te gebeur, hier op die papier (p. 170).

Karel Schoeman is sowel historikus as prosateur. Dié uitlating kan wyer van toepassing gemaak word op sy hele oeuvre. Dit sou kan impliseer dat sy geskiedkundige artikels oor die sendingstasies onder die Boesmans, sy werk oor 'die wêreld van die digter' N.P. van Wyk Louw, en biografieë oor Susanna Smit en Olive Schreiner ook gedeeltelik onderhewig is aan hierdie wet van die vermenging van feit en fiksie. Dat die verhouding telkens anders sal wees, afhangend of die fokus op die histories-verifieerbare of op die fiktiewe wêreld binne die roman val, verander nie aan die basiese stellingingname nie.

3. Intertekste

Via 'n intertekstuele stramien wat in die roman sowel as in die kolofon vooropgestel word as dié tekste wat besonder relevant was vir die produksie van die roman, blyk dat veral die *situasie in Europa en spesifiek Duitsland aan die einde van die agtiende eeu* (opkomende nasionalisme, nawerking van die humanisties-demokratiserende idees van die Franse Revolusie), die *Joodse oorlog en gebeure by Masada* (selfmoord van Jode eerder as uitwissing deur tegnologies-sterkere Romeinse leërs), *piëtisme*, ensovoorts almal belangrike intertekstuele verbande vir die roman inhou. Ook die *siening van die land (plus sy mense en hul verhoudinge)*, Suid-Afrika deur die oë van 'n vreemdeling, en deur die oë van inheemsies is van belang. Hierby sluit aan die uitdaging van landskapbeskrywing. Ter sake is J.M. Coetzee se opmerkings oor pittoreske en sublieme landskap soos gestel in *White Writing* (1988). Dit sou ook as betekenisvolle interteks gesien kon word vir die uitdagings aan die oukatoriële vertelinstansie oor presies hoe hy die vreemdeling-reisiger uit Nederland laat kyk na die nuwe suider-Afrikaanse landskap.

Intertekste in *Verkenning* dien nie bloot as historiese 'dekorasie' of om histories-lokale kleur te verskaf nie, maar funksioneer telkens, op verskillende maniere, as betekenisverruimend en essensieel vir groter begrip van die roman. Veral in die fyn spel met intertekste word die bewussyn van 'n nuwe era gesuggereer. 'n Meelees van spesifiek die Duitse intertekste maak die leser bewus van die "nuwe

era” in Duitsland aan die einde van die agtiende eeu (opkomende nasionalisme, taal- en kultuurtrots, ’n gevoelskuns waaruit ’n nuwe individualisme spreek, intense evangelisasiedrang). Die implikasies hiervan vir die tyd van vertelling, post-1994 Suid-Afrika, en vir die vertelde tyd, die kortstondige Bataafse bewind, is kompleks. Dit stel die demokratiese postkoloniale Suid-Afrika teenoor die koloniale wêreld van ontdekkingsreise, slawerny en sistematiese uitdelging van die Boesmans. Maar dis veral rondom kwessies van taal, kultuur, godsdiens, die magsverhoudinge van minderheid- teenoor meerderheidsgroepe en interkulturele wisselwerking dat die roman die leser bewus maak van die verskille tussen die nuwe era en die ou koloniale orde.

3.1 Hinrich Lichtenstein se reisbeskrywings van reise tussen 1803 en 1806 (gepubliseer in 1811)

Lichtenstein se reise het ook plaasgevind tydens die kortstondige bewind van die Bataafse Republiek aan die Kaap, die tydruimte waarin die roman afspeel. Dat Lichtenstein as historiese figuur in die roman figureer, en dat hy as raadgever teenoor die buitelandse reisiger optree, dui reeds op die intertekstuele belang van sy reisbeskrywings. Verskillende ervarings uit veral die tweede deel van Lichtenstein se reisjoernaal figureer ook pertinent binne die kontoere van die jong Nederlander se reis: ’n huweliksfees (by Lichtenstein egter in die Hexsriervallei, en nie op Stellenbosch soos in *Verkenning* nie), ’n verblyf by die lewensgenieter ds. Ballot op Roodezand, en Lichtenstein se ontmoeting met en karikaturisering van Harmen Voster. Die beduidendste intertekstuele parallel is egter met die episode waar Lichtenstein (1967/1811:583) beskryf hoe hy saamgegaan het op Boesmanjag: “Plötzlich hörten wir seitwärts eine Bogensehne schnarren und in demselben Augenblick rief mein Begleiter mir zu, er sei verwundet (...)”

Sy Khoi-metgesel word raakgeskiet deur ’n Boesmanpyl, hulle ‘hoor die pyl trek’, en hy sterf later van die gif. Die Duitser is verheug dat dit nie hy is wat geskiet is nie (Lichtenstein, 1967/1811:580-584). Schoeman gebruik hierdie ervaring as kreatiewe ‘vonk’ vir die slot van sy roman, maar verander deur ’n skeppende ingreep die getroffene van byfiguur na hooffiguur: in *Verkenning* is dit die hoofkarakter wat getref word en sterf – ironiese kommentaar op Lichtenstein se vreugde oor sy noue ontcoming.

3.2 *Heinrich von Kleists Lebensspuren. Dokumente und Berichte der Zeitgenossen* (1957)

Op struktuurvlak is *Lebensspuren*, versamel deur Helmut Sembdner in 1959, die beduidendste interteks. Von Kleist (1777-1811) het op 33-jarige ouderdom selfmoord gepleeg omdat hy geen erkenning as skrywer gekry het nie, ten spyte

van sy bewussyn van die krag van sy werk: "Die Wahrheit ist, dass mir auf Erden nicht zu helfen war" (uit Kleist se afskeidbrief; vgl. Krell & Fiedler, 1968: 204). Dit is betekenisvol dat Schoeman min of meer 'n tydgenoot van sy vreemdeling-reisigerhoofkarakter neem as sjabloon. Von Kleist het via 'n studie van Kant tot die ontnugterende besef gekom dat die laaste kennis nie vir die mens beskore is nie, en dat slegs die innerlike gevoel van die mens as rigsnoer vir sy handeling kan dien. Hy was soos die hoofkarakter in *Verkenning* 'n rusteloos dolende, tot hy homself in vertwyfeling geskiet het. In *Verkenning* is dit die buitestaander se onbetrokkenheid, sy doelloosheid wat hom in die situasie laat beland wat sy dood veroorsaak.

Dit is egter veral die áárd van *Lebensspuren* as teks wat bepalend is vir die bou van *Verkenning*. In die inleiding verklaar Sembdner dat daar "über weite Strecken von Kleists Leben ein seltsames Dunkel gebreitet" was, wat selfs die mees minutieuse navorsing in die vorige eeu nie kon verhelder nie (Sembdner, 1959:VII; my kursivering). Die vraag wat tot die opgaaf van *Lebensspuren* aanleiding gegee het, formuleer hy op frappante wyse soos volg:

Was bleibt im Gedächtnis der Zeitgenossen, in Dokumenten und literarisch fixierten Äusserungen von einem Menschen erhalten? Wie spiegelt sich sein Dasein in der Umwelt und wie weit lässt sich aus den vielfältigen Spiegelungen ein Bild seines Lebens rekonstruieren? Wenn man mit dieser Fragestellung den Spuren nachgeht, die Kleists Leben im Bewusstsein der Zeitgenossen oder in amtlichen Dokumenten hinterlassen hat, wenn man auch die unscheinbarsten, oft übersehenen Indizien sammelt und sie in den Zusammenhang einordnet, so ergibt sich aus den vielen, oft winzigen Mosaiksteinen und Splittern das Panorama eines Lebens und Wirkens, das im Gesamtanblick zu den grossartigsten und erschütterndsten Bildern gehört, die das Schicksal gestaltet hat (...) Aus Dokumenten entsteht hier eine Biographie, die in ihrer Unmittelbarkeit erregender als irgendeine romanhafte Lebensdarstellung wirken muss (Sembdner, 1959:VIII-IX; my kursivering).

Op vormlike vlak is dié vraag na wat van 'n mens behoue bly in die gedagtenis van tydgenote, in dokumente en in literêr-gefikseerde uitinge, besonder relevant vir Schoeman se literêr-historiografiese onderneming. Ook die belang van die verheldering wat oënskynlik onbelangrike 'splinters' en 'klein mosaïekstene' vir enige lewe inhou, speel mee in die historiografies-metafiksienele narratief en fiktiewe biografie wat Schoeman in *Verkenning* skep. Die begrip 'lewensspore' as die detail wat die 'donker' van die lewens in die vergange vroeg neëntiende-eeuse era tot lewe en lig kan bring, lyk bepalend vir Schoeman se metodologie, veral as die metafiksienele frase "stoot die deur oop, beur die deur oop teen die donker" (p. 110; my kursivering) in gedagte gehou word. "Donker" funksioneer

as 'n metafoor vir 'die onbekende', dit wat 'verhul' is, teenoor die 'helderte' en 'lig' van dit wat bekend is, wat deursien kan word.

3.3 Goethe se jeugroman *Die Leiden des jungen Werthers* (1774)

Die selfmoord van Werther (weens sy ongelukkige liefde) in dié liriese briefroman skakel met die vermelde selfmoord van die reisiger se jeugvriend in *Verkenning*. Ook Heinrich von Kleist het op jeugdige ouderdom homself om die lewe gebring. Hier is sprake van 'n deurlopende selfmoordmotief, wat aansluit by die dood van *Verkenning* se hoofkarakter: hoewel hy sterf deur 'n Boesman-gifpyl in die wildernis, word hy dwarsdeur sy reis steeds gewaarsku oor die gevare van "Bossiesmans" dieper die binneland in. Sy weiering om terug te keer na die beskawing kan dus gesien word as 'n soort moedswillige uittarting van lewensegevaar of as 'n doodswens.

Ook relevant is die beskrywing van Werther as die begin van "die Epoche von Romanen des einsamen Ichs, der subjektivistischen Innerlichkeit", en van die onvermoë van Werther met sy oorvloedig ryk gevoelslewe om, as mens van 'n nuwe tyd, aan te pas in die vir hom wesensvreemde buitewêreld ("Umwelt") (Krell & Fiedler, 1968:166-167). Die vertelde tyd (1804: post-Franse Revolusie, opkomende nasionalisme in Europa, jong Kaapse kolonie met gevare in die binneland) skakel met die tyd van vertelling (na-1994: die post-apartheid era in Suid-Afrika, radikale maatskaplike omwentelinge gepaardgaande met geweld in die samelewing, die ideaal van 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie). Albei eras kan beskryf word as "nuwe tye" wat besondere aanpassingsvermoë verg van lede van die samelewing. Die eensame reisigersfiguur in *Verkenning* word getipeer as losgeslaan van doel of mikpunt. Hy 'dryf' redelik rigtingloos, toevallig op pad na Batavia as enigste loopbaanmoontlikheid. Sy reis die binneland in na die gevaarlike grensgebiede word op tou gesit deur 'n toevallige idee van goewerneur Janssens, waartoe hy instem sonder veel omhaal of besef van wat dit inhou. As buitestaandersfiguur (Nederlander wat aanvanklik selfs nie eers die taal, ontluikende Afrikaans, verstaan wat om hom gepraat word nie) word hy gekarakteriseer as die prototipe van 'n 'eensame ek', onttrokke en onbetrokke by gebeure om hom heen, aangewese op 'n intense verinnerlikte sielelewe.

3.4 Friedrich Gottlieb Klopstock se *Der Messias* (1748-1773)

In *Verkenning* verteenwoordig historiese figure soos die sendeling Van der Kemp, Machtelt Smit, Harmen Voster en Botma die piëtistiese beweging wat met sy sterk verinnerlikte gevoelslewe ook die Duitse literatuur beïnvloed het. Klopstock (1724-1803) se kuns het ontstaan uit die intense gevoelslewe van die piëtisme, en word getipeer deur intense gevoel, die visioenêre aard daarvan, 'n vernuwing van die Duitse taal, motiewe soos vriendskap en verlange na verre

vriende, en 'n gloeiende vaderlandsliefde. Die liriese hoogtepunt van sy oeuvre is die *Messias*, waarvan die eerste drie gesange in 1748 verskyn het. Die jong Nederlandse reisiger tref dié visioenêre liriese teks by herhaling in boekerye in die Kolonie aan: eers by ds. Ballot op Roodezand, en later 'n kopie in die tapkamer van die herberg op Graaff-Reinet. Hier lees Paap, sy enigmatiese reisgenoot, voor uit 'n verformfaaide eksemplaar: "Sing, unsterbliche Seele, der sündigen Menschen Erlösung./ Die der Messias auf Erden in seiner Menschheit vollendet (...)" (Schoeman, 1996:327).

Van die *Messias* word in Klopstock se versamelde werk vermeld dat die epos op vreemde wyse in akulturele kringe, andersins onverskillig teenoor literatuur, besonder goed ontvang is: "Wo wenig Kultur ist, wird Klopstock viel mehr goutiert, als wo viel Kultur ist" (Schubart, aangehaal in Klopstock, 1962:1339).

Een van die sterkste motiewe in *Verkenning* is *boekerye* of *boeke*, wat die beskawing suggereer. Namate die Kaap verruil word vir die steeds woester en kultuurloser binneland, word boeke al skaarser. Ds. Ballot se boekery op Roodezand is al deur Lichtenstein aan die reisiger beskryf as die laaste bastion van die beskawing. Hier het die jong reisiger hom verdiep in die *Messias*, frappant binne die dorp waarin die teenwoordigheid van die piëtistiese 'gemeente van die Here' van Machtelt Smit sterk merkbaar was. Uit die hut op die vlakte waar die Khoivrou, die Duitser en Paap gewoon het, neem Paap die verslete boek saam, en lees saans by kerslig daaruit voor in die Graaff-Reinette herberg. Graaff-Reinet as uitpos van die Bataafse Republiek word deur die reisiger minagtend beskryf as 'n "vlek", getipeer deur "skamelijkheid, armligheid, agterlikheid en verwaarlosing" (p. 318). En dit is hier, by uitstek 'n plek "wo wenig Kultur ist", dat Paap saans die liriese sange uit die *Messias*-epos voorlees, in teen die diskrepante geraas, gevloek en bakleiery van dronk kaartspelers. Dat met hierdie jukstaponering 'n teenstelling tussen beskawing en kultuurlose barbarisme gesuggereer word, lyk duidelik. Dit is trouens 'n teenstelling wat dwarsdeur die roman in die fokus staan: selfs aan die Kaap ervaar die jong Nederlander die Kaapse 'beskawing' as 'n onbeholpe nabootsing van die beskaafde Nederlandse milieu waaruit hy kom. Tog daar was ten minste nog boeke. Soos hy sy reis die binneland voortsit, raak boeke al skaarser. Die laaste boek of 'beskawingsimbool' is die kopie van die *Messias* in die tapkamer. Oor die beskawing, dus indirek ook oor die nut van boeke, merk Paap skunnig op: "In Afrika is dit nodig om eers alles te vergeet wat mens in Europa aangeleer het (...) In Afrika moet jy alles wat jy uit Europa saamgebring het, verloor" (p. 323).

Opmerklik is dat die betrokke intertekste uit die koloniale era meesal biografies of outobiografies van aard is, dikwels met 'n sterk fokus op innerlike gevoel (reisjoernale, dagboeke, die gevoelswêreld van Werther of Klopstock se deurpiëtisme-geïnspireerde *Messias*).

3.5 *The Destruction of the Jews* (1971) van Flavius Josephus

Op die afgeleë Hexriviervallei-plaas van Johannes se familie word die reisiger deur sy jong metgesel sy “beskeie boekery” gewys, waaronder ’n Latynse vertaling (uit die Hebreeus, ongeveer 70 n.C.) van Josephus se *Joodse oorlog*. Hierdie teks is oorspronklik in Grieks geskryf as ’n ooggetuieverslag deur die Jood Josephus, bekend as ’n verraaier van sy eie mense, en volledig geakkultureer by die Romeine. ’n Sentrale moment in die teks is die Jode se massaselfmoord by Masada om Romeinse onderdelging en slawerny vry te spring. As gevolg van die rykdom aan detail word die werk gesien as ’n belangrike bydrae tot die geskiedenis van ’n era, en die teks as sowel geskiedskrywing as letterkunde (Williamson, 1971:16).

Johannes se totale oningeligtheid oor die inhoud van die werk in sy besit, en sy onvermoë om die taal waarin dit geskryf is, te verstaan (“Dit lyk my hierdie sou dalk ’n Bybel kan wees (...) hulle praat oor Jerusalem en Judea”; p. 231), suggereer binne die konteks van die roman die graad van mindere geletterdheid van die jong boer teenoor die hoëre ontwikkeling van die Nederlandse besoeker. Ook die toestand waarin die spesifieke kopie verkeer, verrai veel van die ongeërgde houding van die huis se inwoners teenoor hierdie uitgelese werk, en terselfdertyd teenoor geleerdheid:

Die boek het sy band en sy voorwerk verloor, selfs die titelblad ontbreek, en die boonste helfte van die blaaie in die eerste katern is skuins afgeskeur, asof iemand dit dalk vir opsteekpapiertjies of papiljotte benodig het. Dit skyn egter die enigste aanvaarbare leesstof te wees wat hierdie boerewoning my gaan bied, en genoeg van die teks het behoue gebly om my by gebrek aan alternatief enkele ure se leesstof te bied (p. 232).

Die teks handel oor die uitdelging en dryf tot massaselfmoord van die Jode op eie grondgebied deur die tegnologies-gevorderde Romeine. Dié tematiek suggereer binne die konteks van die roman ’n parallel met die uitwissing van die Khoisan. Dat die roman oor hierdie aspek van die koloniale geskiedenis deur ’n Afrikaanse skrywer geskryf word, impliseer boonop dat hy hiermee soos Josephus ’n skulderkenning impliseer aan die verloop van die geskiedenis. Kommentaar op Josephus se ooggetuie-rol in die gebeure van die *Joodse oorlog* lyk by implikasie net soveel van toepassing op die hoofkarakter en by implikasie, die ouktoriële vertelinstansie in Schoeman se roman:

... the work of an eyewitness who could set personal feelings aside and, without flattering one side or belittling the other, do justice to both with absolute truthfulness (...) Like every wise historian Josephus consulted written authorities, including (...) the official Roman records (Williamson, 1971:13), asook

... such a wealth of detail that his work is indeed a major contribution to the history of a critical century (Williamson, 1971:16).

3.6 Akwarel van Johannes Schumacher

Verkenning is veral ook 'n roman met besondere poëtiese kwaliteite, veral in die gedetailleerde landskapsbeskrywings. Een van die treffendste passasies is die visuele beskrywing van 'n lentedag by die Bergrivierdrif:

Die slawevroue wat na die rivier gekom het om die koperkastrolle met fyn riviersand uit te skuur, kyk vir 'n oomblik op wanneer hulle die geluid van die perde hoor, en sien die vlak water langs die oewer onder die perdepotte opspat (...) Die ruiters gaan deur die drif. Die lentelandskap lê rondom uitgestrek soos in 'n akwarel met sy golwende groen weilande en koringlande wat in die sonlig glans, die verspreide wit huise tussen hul bome en die berge wat wasig wegstrek in die glansende, vogtige lig, blou, lila, silwer en grys (p. 161-162).

Die visuele interteks waarna die frase "soos 'n akwarel" verwys, is 'n spesifieke akwarel van die Bergrivierpont van Schumacher. Dié Duitse tekenaar (*draughtsman*), Johannes Schumacher, het Hendrik Swellengrebel tussen 1776 en 1777 op drie reise na die Kaapse binnelande vergees (Gordon-Brown, 1972:219). Van sy hand bestaan daar 'n akwarel van die Bergrivierpont in ligte wit en blou tinte – 'n waterverfskildery wat reisigers se oorgang oor die rivier vanuit 'n panoramiese wye hoek beskryf (opgeneem in *Stellenbosch drie eeue* – Smuts, 1979:273).

Vanaf Kaapstad (met Tafelberg as prominente deel van die landskap, en ander berge wat later oorgesteek word) beweeg die roman via beskrywings van verskillende aspekte van water in die landskap (Tafelbaai met sy seilskepe, later verskeie riviere, watervalle, fonteine), deur die dor vlaktes van die Karoo tot aan die uiterste grensgebied. Berge, waterbronne en dor vlaktes kan almal as metafories gelees word in terme van die geestelike reis. Na 'n vermoeiende trek deur 'n dorre streek kom die hoofkarakter en Paap by 'n fontein "in die donker, beboste vou" van "'n barre heuwel" waar hul van die dag se gloeiende hitte en die streek se onherbergsaamheid herstel (p. 378-380). Net voor hul vertrek, word hy verras deurdat sy metgesel, "swygend en glimlaggend" aan hom "'n klein helder blom" oorhandig wat hy nie ken nie:

... 'n veldblom waarop hy onverwags afgekom het en wat met sy ongebruiklike helderheid in hierdie vaal landskap sy aandag getrek het. *Met die heraldiese blom in my hand* het ek daar bly staan (...) verras dat die lewe so maklik kon wees, 'n gebaar so eenvoudig, dat 'n blom sonder meer oorhandig en aangeneem kon word sonder dat 'n verklaring daarby benodig of selfs verlang word (p. 380; my kursivering).

Hierdie oomblik van toenadering tussen die reisiger en sy enigmatiese metgesel, rondom 'n ongeïdentifiseerde veldblom, vind plaas kort voor die jong Nederlander se noodlottige verwonding deur 'n Boesmanpyl. Talle heenwysings in die roman dui ook op die onvaspenbaarheid van die karakter Paap. Nie eers sy naam is seker nie: “Paap of De Paap”, wonder die hoofkarakter by geleentheid. Hierdie man is waarskynlik Duits en dalk aristokraties van afkoms, met 'n deeglike opvoeding (as liefhebber van Klopstock se *Messias*), en 'n militêre agtergrond. Hy het weens onbekende omstandighede verarm (die hoofkarakter ontmoet hom in die “skraalhanswoning” tydens 'n storm), en is nou op pad om onderwyser te word by die boer Bosschert op 'n afgeleë plaas.

In Gordon-Brown se *Pictorial Africana* vertel die outeur van die identiteitsverwarring rondom 'n sekere Steeb – van 1788 tot 1791 militêre offisier aan die Kaap, waarna hy terug is na Europa. Tekeninge deur 'n Steeb wat in 1812 rondtrekkende tutor-onderwyser op 'n plaas in die Sneeuberge was, laat die vraag ontstaan of Steeb nie die inspirasie vir Paap was nie (Gordon-Brown, 1972:44-47). Dit is nie onwaarskynlik dat Schoeman die raaiselagtige gegewens rondom die historiese figuur Steeb oorgeplaas het op sy fiktiewe karakter Paap nie. Maar dit lyk boonop asof hier 'n spel met die leser ingebed is: die van “Paap” suggereer 'n verband met priesterskap, wat sou kon dui op 'n verskuilde outobiografiese verwysing na die metgesel as Schoeman se alter ego, as vroeër 'n geroepene tot die priesterskap (Kannemeyer, 1983:527).

Na 'n lang vervreemdende reis deur 'n vreemde landskap en sy bevolking vind 'n oomblik van toenadering plaas tussen twee mense, en via die veldblom met die “vreemde land”. Dié lesing word ingegee deur die besondere geladenheid van die oomblik en deur die adjektief “heraldies” by die blom. Dié blom uit die dorre Afrika-grond suggereer dat die onvriendelike landskap 'n lewendige hart het, “revealed only to the closely attentive observer, the lone walker of the wilds” (Coetzee, 1988:168). Dié betekenisvolle oomblik kort voor die hoofkarakter se dood getuig van 'n mate van versoening met die vreemde landskap. In *White Writing* wys Coetzee daarop dat die vraag of die Europeër ooit tuis kan wees in Afrika, een van die lastige vrae is waarmee wit Suid-Afrikaanse skrywers aanvanklik gekonfronteer was:

What lies buried beneath the unpromising surface of Africa, besides lifeless metals? In other poems, *the stony truth of Africa emerges in the form of a flower*: the africaner violet that springs from the ‘beetling krantz’ and derives its sustenance from the ‘fierce old mountain’s heart’ (Kingsley Fairbridge aangehaal deur Coetzee, 1988:167; my kursivering).

Wanneer die jong reisiger getref word deur die Boesmanpyl, val die “heraldiese blom” uit sy hand (p. 381). En hierna swyg hy. Op die oomblik van toenadering en openbaring volg die dood. (Teen die agtergrond van Lichtenstein se eerste reis

as interteks, wonder 'n mens of hierdie naamlose blom nie 'n sewejaartjie is, wat die Duitser as die mees karakteristieke blom van die land, naas die erica en protea geïdentifiseer het nie; vgl. Lichtenstein, 1811:200 – veral in die lig van die Franse naam, *Immortelles* of 'ewig-lewend' wat Lichtenstein by sy bespreking betrek. Dat die 'ewig-lewendende' blom uit die reisiger se hand val nadat hy noodlottig gewond is, sou sin maak uit die betekenis wat daar in Frans aan die "heraldiese blom", of by wyse van suggestie, die blom 'van die ewige lewe', geheg word.)

4. Die religieuse motief en sendelinge

Vromes soos Machtelt Smit en sendelinge soos dr. Van der Kemp is rigting-aanduiders vir die geestelike reis. 'n Frappante detail in die teks is dat die hoofkarakter, hoewel pastoriëseun uit Meteren in Nederland, klaarblyklik nie meer gelowig is nie – in ieder geval nie op die fundamentalistiese, byna dweperige wyse waarop die meeste mense met wie hy in aanraking kom, dit is nie. Uit sy omgang met veral Johannes as "kind van die Here" kom heelwat ironies-humoristiese kommentaar na vore (p. 22, 115, 128, 133). Dié sterk element van humor veral in die eerste helfte van die roman, kan waarskynlik ook as 'n vernuwende element in Schoeman se werk gesien word: (p. 123: "Hy is 'n kind van die Here" (...) "Wat beteken die woorde, wat beteken die begrip?"; "Kinders van die Here dans nie, besef ek terwyl ek hom na die tafel volg", p. 128). Die spottend-ironiese binnepret van die hoofkarakter oor die Christelike vroomheid van Johannes as "kind van die Here" kry egter ernstige reperkussies wanneer Johannes op 'n vergeldingskommando vertrek met sy swaer, en die reisiger homself afvra: "Mag 'n kind van die Here dan op rondloper-Hottentotte skiet in die klowe, mag hy gedroste slawe dood?" (p. 244).

Hiermee word implisiete ideologiese kommentaar gelewer op die aard van die Christenskap van die wit boeregemeenskap wat jag maak op inheemse mense, en dié mensemoord skynbaar kan versoen met hul Christelikheid. By implikasie word hier 'n vraagteken geplaas agter die waarde van hul Christelike geloof, en 'n oordeel uitgespreek oor die aard van hul intermenslike verhoudinge. Dis sekerlik ook betekenisvol dat die hoofkarakter in religieuse opsig apaties, selfs afwysend staan teenoor die godsdienpassie wat hy onder die boeregemeenskap en sendelinge ervaar. Vanuit postkoloniale perspektief suggereer dié houding van die buitestaander-hoofkarakter 'n oordeel oor die verdelging van inheemse mense tydens die koloniale era in die naam van Christenskap. Dat Schoeman in Afrikaans skryf, en by implikasie self 'n nasaat is van hierdie boeremense met hul dubbelstandaarde (liefde vir die naaste as Christelike beginsel teenoor uitwissing van die medebewoners van die land), suggereer 'n onderliggende paradoks aan die hart van die teks. As Afrikaanse skrywer lewer hy vanuit die postkoloniale Afrikaanse gemeenskap kritiek op die voorsate van dié gemeenskap se morele

optrede in die koloniale era. Dié kritiek geld eweseer vir die meer onlangse apartheidsera, veral ten opsigte van rassisme en interkulturele omgang met mede-Suid-Afrikaners.

Ten spyte van die reisiger se apatiese houding teenoor religie, beskryf Machtelt Smit vanuit haar religieuse raamwerk die hoofkarakter se reis in Christelike konteks as dié van 'n pelgrim op weg met God:

'Jy sal woestyne sien (...) Jy sal gevare van wilde diere en wilde Bossiesmans moet trotseer en beproewings deurstaan. Dis geen maklike reis wat jy aangedurf het nie (...) Maar jy is nie alleen nie (...) Jy is nêrens alleen nie. Op die berg met die klip onder jou hand, onder jou kop, in die woestyn by die leë stroom of die fontein wat ingegee het, Hy is daar, in die wind en die stilte en die sterre. God die Here reis met jou saam en voor jou uit, en wanneer jy by die uitspanplek aankom, sal jy vind dat Hy reeds op jou wag' (p. 179-180).

Lichtenstein se intellektualistiese benadering kontrasteer skerp met die konkrete, liriese taalgebruik en byna visioenêre perspektief van die piëtistiese ou vrou. Terwyl die onbekende binnelande vir Lichtenstein in die teken van afwesigheid staan (sonder beskawing), is die wildernis vir Motjie Machtelt egter gevul met die teenwoordigheid van God. Dié houdingsverskil dui op 'n groter mate van akklimatisasie, van aanpassing by die nuwe land. Die motief van godsdiens en sendelinge staan besonder sentraal in *Verkenning*. Enersyds illustreer die sendelinge 'n aanpassingwyse van die nuwe ingesetenes by die binneland van Afrika as Bybelse 'woestyn', en andersyds dui hul aktiwiteit op 'n poging tot akkulturasie van die inheemse mense deur kerstening.

Naas die geografiese ontdekkingsstog en die geestelike reis is daar ook die kreatiewe verkenningsreis van die ouktoriële vertelinstansie (tesame met die geïmpliseerde leser) wat binne die kontoere van die geskiedenis 'luister na die stemme' en daaraan gestalte gee.

5. Romanstruktuur en motiewe van taal en geweld

Die roman is gestruktureer rondom sewe geografiese afbakenings: dit begin met die langste afdeling oor Kaapstad (101 bladsye), en beskryf dan op sentrifugale wyse vanuit hierdie sentrum van die vroeg neëntiende-eeuse nedersetting vervolgens Stellenbosch (55 bladsye), Roodezand (44 bladsye), Hexrivier (57 bladsye), Zakrivier, Graaff-Reinet, en uiteindelik die uiterste grense van die kolonie in "Op die limiete". Die 'verkenning' vind dus plaas vanuit 'n aanvanklike oriëntering in en vertrekpunt uit die destydse middelpunt van beskawing, Kaapstad, en beweeg steeds dieper die wildernis, die ongetemde binnelande in. Dat die reis eindig "op die limiete" oftewel die grensgebiede, is

ook meerduidig. "Op die limiete" kan ook die uiterste grense van die skrywer (en die leser) se verbeeldingskrag en begrip aandui.

Terwyl die eerste afdeling begin met die beskrywing van 'n *helder, wit dag* en seilskepies oor Tafelbaai, eindig die roman met die indirekte innerlike monoloog of bewussynstroom van 'n verknegte Boesmanvrou. Dié naamlose vrou is werksaam by grensboere, en raak *in die donker* aan die slaap met die opnoem van name en woorde uit haar wegglippende moedertaal in die bewussyn. (Intertekstueel skakel Schoeman se uitbeelding met dié van die vereensaamde slawevrou in *Die Kremetartekspedisie* [1981], van Stockenström.) Tussen die inleidende wit lig in Kaapstad en die donkerte van die grensgebiede aan die slot, is *Verkenning* ook 'n aftasting van die ontwikkeling en sterfte van tale in Suid-Afrika. Aan die Kaap praat die amptenare en ingesetenes nog meestal Nederlands met die besoeker. (Hy is ook bewus van ander tale wat die slawe praat – tale wat hy nie begryp nie.) Algaande, soos hy verder weg van die moederstad vorder, kom hy steeds meer in aanraking met, en word hy steeds meer bewus van die verbroekeling van Nederlands en van Afrikaans as 'n vreemde 'dialek' van Nederlands. Wat Schoeman hier in fiksionele verband suggereer, is 'n voorstelling van die vormende oomblikke van Afrikaans.

In die bewussynstroom van die verknegte Boesmanvrou aan die slot word die sterfte van haar moedertaal (waarskynlik /Xam), weens onbruik en gebrek aan sosiale gemeenskap gesuggereer, en haar onderdompeling in 'n nuwe (Afrikaanse) taalgemeenskap. Die suggestie is dat sy geleidelik hierin geakkultureer sal word, en by gebrek aan blootstelling aan haar eie spraakgemeenskap haar moedertaal sal verloor:

Waar sy wakker lê in die nag het sy soms die inhoud van die sak in haar gedagtes opgeroep en die dinge nagetel en een vir een onthou en vir haarself *benoem*, sodat sy haar besittings sou onthou en hul name nie vergeet nie, en *al die woorde wat sy nooit meer gehoor of self nog gebruik het ook nie vergeet sou raak nie* (...) dog in die nag (...) het sy dan ook onthou (...) *die stemme van die mense* waar hulle feesvier met hul gelag en gesang en geklap van hande in die vuurlig, en verwonderd het sy *die woorde wat sy so lank laas gehoor het weer opgevang en herken en verstaan tot die allerlaastes en daarmee uiteindelik aan die slaap geraak in die donker* (p. 393-394; my kursivering).

Dit is veelbetekenend dat 'n groot deel van die roman spesifiek handel oor die *vormingsjare* van die inheemse taal Afrikaans, met daarteenoor die *ondergang* van ander inheemse tale, soos /Xam (wat deur die uitgestorwe Kaapse Boesmans gepraat is) en die Khoitale. Die beskrywing van die sterfte van die inheemse /Xam deur verknegtig en verdelging van sy sprekers, suggereer dat dit ook

uiteindelik die lot van Afrikaans sou kon wees. Dat *Verkenning* in Afrikaans geskryf is, vorm teen hierdie historiese agtergrond 'n selfbewuste handeling.

Die Boesmanbediende se losskeuring uit haar eie groep, en dié gemeenskap se stelselmatige uitwissing deur geweld, dui op 'n ander sterk motief in *Verkenning*. Geweld impliseer hier ook 'losruk' uit die eie taalgemeenskap en gewelddadige onderdompeling in 'n vreemde taalgemeenskap. Die motiewe van taal en geweld skakel op dié wyse direk met mekaar. (Vergelyk in swart Suid-Afrikaanse outobiografieë hoe dikwels Afrikaanse vloektaal en geweldsterme deur tronkbewaarders en polisiemanne teenoor swart gevangenes in tronke ervaar is as die gevangenes se enigste kontak met 'n Afrikaanse wêreld. Dit is 'n meer onlangse voorbeeld van taal as wapen en vernederingsmiddel.) Alles staan in die teken van onverbiddelike geweld: baas teenoor slaaf en kneg, slaaf teenoor baas, een ras teenoor 'n ander. Dat die tegnologies-magtiger wit setlaars en boere-opkommando-met-geweers uiteindelik die oorhand sal kry oor die nie-berede Boesmans met hul pyl en boë word as onvermydelik gesuggereer. Tog sterf die reisiger op ironiese wyse uiteindelik as gevolg van 'n Boesmanpyl. Ten spyte van die vreemdeling se volgehoue vervreemdende fokalisasie vir die grootste deel van die roman, is dit uiteindelik die naamlose Boesmanvrou, as verteenwoordiger van die inheemse stem, wat die laaste woord het. Haar visuele ervaring van die besoeker se naakte wit lyk stel dit voor as iets vreemds en teennatuurliks: "... sy het besef dat hy dood is, en dat dit is hoe die Boere se lywe onder hul klere lyk, wit soos 'n wilgeloot waarvan die bas afgetrek is, bleek soos 'n likkewaan of akkedis waarvan die vel afgestroop is" (p. 387).

6. Interkulturele wisselwerking

Dié vervreemdende perspektief van die /Xamvrou se bewussynstroom het 'n skokeffek op die leser. Dit plaas 'n sterk ironiese korrekatief op sy buitestaandersperspektief. Hy wat voortdurend verwys het na "die land, die volk, die taal (...) (wat) vir my vreemd" is (p. 180), word nou self as uitermate vreemd beskou. Dat hy gelykgestel word aan die flora en fauna van Afrika ("wilgeloot", "likkewaan of akkedis") is 'n beskrywing waardeur die vreemdeling uiteindelik egter ook, ironies genoeg, 'tuiskom' in suidelike Afrika.

Die reis word beskryf as aanvanklik 'n "tydverdryf" en "plesiertog", wat ontwikkel in "verkenning" en daarna uitgroeit tot "ontdekkingstog". Hierdie verklaring van die titel word gekwalifiseer met die stelling: "Niks gaan ooit weer maklik wees nie" (p. 216). Dié nogal raaiselagtige opmerking het waarskynlik te make met die interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, en kan gesien word as metafiksionele kommentaar op dié roman as spesifieke historiese voorstelling. Die talle reisjoernale wat bestaan oor Suid-Afrika word doelbewus as intertekste bygehaal: "Die tog self is, soos gesê, meerdere male reeds deur

reisigers wat dit afgelê het, beskryf, die agtergrond is ingeteken, berge, valleie, passe en poorte kan twee eeue later steeds herken word. *Walter gegewens onthreek dus nog?*" (p. 216, my kursivering).

Die antwoord op die vraag oor die 'ontbrekende gegewens' word deur die lees van die roman verstrekk: Schoeman konsentreer in *Verkenning* veral op die *aard van interkulturele verhoudinge* in die vroeë agtiende eeu. Terwyl die kontoere van die beskreeve reis 'n kreatiewe voortbou is op bestaande reisbeskrywings (veral dié van Lichtenstein), is die 'ontbrekende gegewens' wat Schoeman invul, sy eie weergawe van onbekende verteenwoordigers van die inheemse bevolking se 'stemme' – dié van slawe, Boere, Basters, Khoi en Boesmans. Die aard van interkulturele verhoudinge is kompleks. Eerstens is daar die Nederlandse amptenare en hul hooghartige, geringskattende houding teenoor die inheemse bevolking aan die Kaap (in die eerste afdeling, "Kaapstad"). Hiernaas word die erg ongelyke magsverhoudinge tussen slawe en Kapenaars beskryf. Openbare geselings en wrede strafmaatreëls uitgeoefen op oortredende slawe (van wie enige welvarende Kapenaar etlikes besit) is algemene gebeurtenisse, én dan in die openbaar. In die volgende afdeling, "Stellenbosch", blyk dit dat die verhouding tussen slawe en boere in die binneland nog veel kruier en meer gewelddadig is. In 'n lang gesprek oor slawe en hul behandeling word die opinie deur 'n boer uitgespreek dat "'n goeie vuishou teen die kop (...) duideliker (is) as woorde" (p. 132). Hierteenoor staan die stem van die slaaf Jacob van Bougies: "Neen, ik wil vandaag niet werken" (p. 140), sy mishandeling, en gevolglike uitbraak in amok. Ook die verhoudinge tussen buitelandse reisigers en inheemse mense, tussen sendelinge en die Khoisan, sendelinge en die boere word onder die loep geneem.

Dit is egter die verhouding tussen boere en "Bossiesmans" (soos hul konsekwent in die roman heet, in navolging van ou reisbeskrywings) of Boesmans, wat integraal onderliggend is aan die spanningslyn en struktuur van die roman. Vanaf die begin van *Verkenning* word daar toenemend verwysings ingebou na die dreigende gevaar van "Bossiesmans" in die binneland. Soos 'n rooi draad loop hierdie verwysings dwarsdeur die teks, en word telkens sterker uitgebou, tot by die dood van die reisiger deur 'n Boesmanpyl, en uiteindelik die verknegte Boesmanvrou se slotwoorde.

Verkenning is ook 'n betrokke roman: dit ondersoek by implikasie die ontstaan van die kontemporêre Suid-Afrikaanse maatskappy. Die oukatoriële vertelinstansie se bewussyn van sy eietydse lesers blyk uit die volgende stelling (oor waarom 'n weergawe van Machtelt Smit se preek futiel sou wees):

Uit die beskikbare fonds van verouderde woorde en frases wat herwin kan word en die vervloë sekerhede van 'n wêreld wat onherroepelik verdwyn het, is dit egter bykans ondoenlik om 'n redelik oortuigende benadering van haar eenvoudige aanspraak te improviseer vir 'n generasie vir wie die terminologie grotendeels onbegryplik sal wees en vir wie daar min sekerhede oorgebly het (p. 203; my kursivering).

Hier is een van die skaars momente in die roman waar die era van die vertelde tyd (“die vervloë sekerhede van 'n wêreld wat onherroepelik verdwyn het”) en by implikasie die nuwe era van die tyd van vertelling (“'n generasie ... vir wie daar min sekerhede oorgebly het”) in metatekstuele kommentaar gekontrasteer word. 'n Bewussyn van die radikale andersoortigheid van die twee tye kan ook meespeel in die lees van *Verkenning*, en dit sal dan as 'n spanningselement fungeer.

Nog verder gevoer, sou die roman ook gelees kon word as “'n verkenning van die onsekerheid van ruimte en tyd” (Rossouw, 1997:10) waar landskap en ruimte op verskillende maniere deur die subjek ervaar word.

7. Slot

Wat in *Verkenning* dus op “oorgangsliteratuur”-kenmerke dui, is die volgende:

- Die bewussyn van 'n veranderde bestel in die vertelhedes
- Die bewussyn van die idees van die Verligting (gelykheid, vryheid en broederskap) wat geleidelik begin deursypel na die Bataafse Republiek
- Die bewussyn van geweld
- Die bewussyn van konflikterende magte in die maatskappy van die nuwe bedeling.

Deur te fokus op motiewe soos taal, kultuur, interkulturele verhoudinge, godsdiens, geweld, beskawing (boekery-motief) versus ongeletterdheid, klas en ras, vind verkenning van die geskiedenis plaas. Verder onder die loep geneem, is: die geskiedenis van Suid-Afrika, Afrikaans, die sterfte van tale, en die multikulturele samelewing se wortels. Die roman is daardeur ook 'n verkenning van identiteit – van die Nederlandse besoeker, van boeremense, Khoi en Oosterse slawe, van die Boesmanbevolking. Kortom: van almal wat hierdie land help vorm het, en steeds vorm daaraan gee – die ‘stemme’ wat deur die konsep *Suid-Afrikaans* gesuggereer word.

Bibliografie

- Bhabha, Homi K. 1990. The Other Question: Difference, Discrimination and the Discourse of Colonialism. In: Ferguson, Russell, et al. (eds.) *Out There: Marginalization and Contemporary Cultures*. New York : MIT Press. p. 71-88.
- Coetzee, J.M. 1988. *White Writing. On the Culture of Letters in South Africa*. London : Yale University.
- Ferguson, Russell, et al. (eds.) 1991 (1990). *Out There: Marginalization and Contemporary Cultures*. New York : MIT Press.
- Goethe, Johann Wolfgang. 1969 (1774). *Die Leiden des jungen Werthers*. München : Verlag Kurt Detsch.
- Gordon-Brown, A. 1972. *Pictorial Africana. A Survey of Old South African Paintings, Drawings and Prints to the End of the Nineteenth Century with a Biographical Dictionary of One Thousand Artists*. Cape Town : Balkema.
- Jooste, G.A. 1995. Die vreemdelingskaptema in enkele romans van Karel Schoeman – 'n bespreking van die tussenskap. *Literator*, 16(1):139-150.
- Josephus, Flavius. 1971. *The Destruction of the Jews*. (Transl. and with an introduction by G.A. Williamson, wood-engravings by Garrick Palmer). London : The Folio Society.
- Josephus, Flavius.
Kyk
Williamson, G.A. (ed.) 1971.
- Joubert, Elsa. 1988. *Missionaris*. Kaapstad : Tafelberg.
- Krell, Leo & Fiedler, Leonhard. 1968. *Deutsche Literaturgeschichte*. Bamberg : C.C. Buchners Verlag.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, band II. Kaapstad : Academica.
- Klopstock, Friedrich Gottlieb. 1962. *Ausgewählte Werke*. München : Carl Hanser Verlag
- Lichtenstein, Hinrich. 1967. *Reisen im südlichen Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806*. Neudruck des 1811 in Berlin erschienenen Werkes mit einer Einführung von Wahrhold Drascher in 2 Bänden. Stuttgart : Brockhaus.
- Rossouw, Johann. 1997. 'n Pervertering van Immanuel Kant: Oor Karel Schoeman se *Verkenning*. Ongepubliseerde kongresreferaat. SAVAL mini-kongres, Pretoria. Maart.
- Schoeman, Karel. 1993. *Hierdie lewe*. Kaapstad : Human & Rousseau.
- Schoeman, Karel. 1995. *Uur van die engel*. Kaapstad : Human & Rousseau.
- Schoeman, Karel. 1996. *Verkenning*. Kaapstad : Human & Rousseau.
- Sembdner, Helmut. 1957. *Heinrich von Kleists Lebensspuren. Dokumente und Berichte der Zeitgenossen*. Bremen : Carl Schünemann Verlag.
- Smuts, Francois (red.). 1979. *Stellenbosch drie eeue*. Stellenbosch : Stadsraad van Stellenbosch.
- Stockenström, Wilma. 1981. *Die kremetartekspedisie*. Kaapstad : Human & Rousseau.
- Van Niekerk, Dolf. 1944. *Koms van die hyreën*. Kaapstad Tafelberg.
- Williamson, G.A. (ed.) 1971. *Josephus, Flavius – The Destruction of the Jews*. (Transl. and with an introduction by G.A. Williamson, wood-engravings by Garrick Palmer). London : The Folio Society.